Doendinge Vir Afrikaans

Nuusbrief van die Vriende van Afrikaans
Jaargang 15, Nommer 2, September 2011

Doendinge vir Afrikaans
NUUSBRIEF
Amanda de Stadler
Redakteur
Phia van der Westhuizen
Administrasie
Nolte Smit
Medewerker
Milano Drukkers
Bladuitleg en drukwerk

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:
Banghoekweg 115, Stellenbosch 7600
Posadres:
Posbus 3256, MATIELAND 7602
Telefoon:
021-808 3744 / 3745
Faksnommer:
086 617 1287
E-posadres:
vvafr@sun.ac.za
Webtuiste:
www.vriendevanafrikaans.co.za
Bank:
NEDBANK, Stellenbosch
Rekeningnaam: Vriende van Afrikaans
Rekeningnommer: 1071 318 578
Takkode: 10-71-10

Nie-winsgewende organisasie:
042-640-NPO

Kantoorsake

1. Jaareindbyeenkoms: Ons reël hierdie jaar op 11 November ons laaste byeenkoms van die jaar. Maak 'n knoop in jou sakdoek – ons beplan om by Kaapzicht in die Strand lekker te gaan saameet en te peins oor 2011 en ons vere reg te trek vir 2012. Meer besonderhede volg later.

2. Rooi vorms om inligting op datum te bring: Dankie vir die voltooide vorms wat ons saam met die vorige *Doendinge* uitgestuur is. Mnr Johan Nothnagel van Durbanville het die pragboek, *Afval en Afvalligheidjies*, van Dine van Zyl ter waarde van R180 gewen. Phia het al die vorms wat ons ontvang het voor die sperdatum, in 'n boks gegooi en vir dr Willem Botha van die WAT gevra om die wenner te trek. Baie dankie aan Dine wat die boek geskenk het.

3. On the Dot-boeke: Baie dankie aan almal wat ons gehelp het om die mooi boeke wat ons van Elsa den Haan gekry het, by geskikte instansies te kry. Die boeke is met lesers se hulp en insette gestuur na onder meer die Paarl, Wellington, Hawston, Murraysburg, Humansdorp, Jeffreysbaai, Pretoria, Johannesburg, Kuilrivier, Helderberg-kom, Atlantis, Kleinmond, Gansbaai en Genadendal.

4. Boekskenkings: Baie dankie aan almal wat bruikbare boeke by ons aflaai. Wees verseker dat ons sorg daarvoor dat die boeke gestuur word na 'n instansie wat dit verder sinvol benut en waardeer.

5. Kuberwoordeboek: Nog 'n keer baie dankie aan prof HC Viljoen wat hierdie boek se tantième afstaan aan die VVA. Die bedrag beloop nou reeds R19 167.

(vervolg op bladsy 2)

LEES BINNE:

Bl 3: Amanda sê oor Koop-'n-Afrikaanse-boek-dag
Bl 5: Taknuus uit Modimolle en Jeffreysbaai
Bl 5: Xhosafrika-Konferensie
Bl 7: Verwikkelinge by Voortrekkermonument

6. Johan Combrink-gedenklesing 2012: Ons jaarlikse gedenklesing vind plaas op 9 Februarie 2012 in die Jannasch-saal in die Endler op Stellenbosch. Ons is gelukkig dat ons prof Jonathan Jansen kon oorreed om met ons te kom praat oor Afrikaans se rol in die SA-samelewing. Moet dit nie misloop nie.

7. Victor Khambule van ons Vorentoe-tak in Soweto: Hierdie man het die verbeelding van baie mense aangegryp nadat daar 'n artikel in die Afrikaanse pers verskyn het oor hom en daar ook 'n insetsel was op een van Kwêla se programme. Hy werk al vir meer as 10 jaar in Soweto baie hard sonder vergoeding om Afrikaans in sy omgewing te probeer lewend hou. Die skoolhoof van die Kwa Mhlobo Sekondêre Skool laat hom toe om 'n klaskamer te gebruik om aan volwassenes en kinders klas te gee oor Afrikaans, in Afrikaans.Victor help ook leerders met Zulu en Sotho.

Verskeie indiwidue en instansies het hulp aangebied en daar word nou saam met die NTLA (Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans) gewerk aan 'n projek met standhoudende steun aan Victor.

Met 'n onlangse besoek aan Soweto en aan hierdie skool, was dit vir my merkwaardig hoe Victor daarin slaag om 'n positiewe gesindheid jeens Afrikaans te skep in hierdie omgewing. Baie dankie vir jou baie harde en volgehoue werk vir Afrikaans, Victor.

8. Loukie, die leeshonger leeu: Hierdie leeu brul nog hard hier op Stellenbosch en hoop dat hierdie inisiatief ook op ander dorpe sal wortel skiet. Op die oomblik werk hierdie gesamentlike projek van die ATKV en die VVA as volg: die ATKV sorg vir 'n weeklikse storieleesuur in die plaaslike biblioteek terwyl die VVA rondreis na plaaslike kleuterskole en daar stories lees.

Hierdie projek kan baie maklik op ander dorpe gedupliseer word. Mens het net iemand nodig wat wil voor vat en vrywilligers wat een maal per week vir een uur sal stories lees vir kinders.

9. ATR-jaarvergadering: Dit vind plaas op Vrydag, 18 November by die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl en begin om 9:00 (registrasie vanaf 8:00). Vanaf 11:30 volg 'n beraad oor die kunste in samewerking met die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Op Saterdag 19 November is daar 'n Taalberaad vanaf 9:00 tot 12:30. Meer besonderhede sal binnekort bekendgemaak word.

(-AdeS)

'n Groot Guns

Kan jy asseblief met enige betaling wat jy aan ons kantoor maak, jouself duidelik identifiseer asook waarvoor die betaling is? Dit sal die wêreld vir Phia baie makliker maak.
Baie dankie!

Dinge om te doen in 2012

1. Net een mens is nodig om 'n verskil te maak.
2. Vyf vriendinne kan om die beurt stories gaan lees by plaaslike kleuterskole.
3. Versamel ou tydskrifte en neem dit na skole, ouetehuise en siekes.
4. Koop een boek per jaar vir 'n plaaslike skool.
5. Word 'n kontakpersoon van die VVA en deel ons nuusbriewe vier keer per jaar uit.
6. Kry een kind in jou leeftyd aan die lees deur die regte boeke vir hom/haar in die hand te gee.
7. Stuur vir ons taalnuus uit jou omgewing.
8. Bedank instansies wat Afrikaans respekteer en gebruik.
9. Bied aan om die spyskaart van jou gunsteling-restaurant Afrikaans-vriendelik te maak.
10. Vra Afrikaanse diens by staats-departemente. Vriendelike, volgehoue druk is nodig. Onthou, die taalkeuse is selde die mens agter die toonbank se skuld.
11. Hou 'n “Een-boek-per-gesin-aand” saam met vriende of by jou skool. Laat elke gesin wat die aand bywoon, een boek uit hulle huis bring. Gee dan die boeke vir 'n instansie wat dit sal benut.
12. Begin 'n plaasbiblioteek. Al wat nodig is, is boeke, 'n toesluittrommel of –vertrek en 'n verantwoordelike persoon.
13. Begin 'n storieleesuur by jou huis, by die plaaslike biblioteek of kleuterskool.

Vra Vriendelik vir Afrikaans

My sê

Amanda de Stadler, van Vriende van Afrikaans sê haar sê.

Ek gebruik hierdie geleentheid met graagte om almal wat deelgeneem het aan vanjaar se Koop-'n-Afrikaanse-boek-dag op 13 Augustus te bedank. Baie dankie aan *Die Burger* wat vir ons gratis plakkate laat druk het en ook drie promosie-artikels geplaas het. Ons weet julle het ons baie duisende rande gespaar en waardeer dit – veral ook die hartlike samewerking met julle redaksie.

RSG het ook 'n reuse-aandeel in die sukses van die dag gehad. Dankie aan elke omroeper wat mense telkens daaraan herinner het om tog 'n Afrikaanse boek te gaan koop. Dankie ook aan Radio Laeveld en Radio Namakwaland vir die blootstelling. Dankie aan Peet van Staden van SABC Nuus vir 'n insetsel tydens die TV-aandnuus. Wat sou ons tog sonder hierdie uitsaaimense gedoen het!

Dankie ook aan *Rooi Rose* en Corlia Fourie vir 'n interessante artikel in die Augustus-uitgawe.

Dankie dan ook aan elke mens wat 'n Afrikaanse boek gaan koop het. Ek wens ek kon weet wie watter boek waar gekoop het! Dankie vir die ondersteuning en moeite, en lekker lees!

Ons boekwinkels landwyd het ook 'n groot rol gespeel in die sukses van hierdie dag. Daar was boekwinkels wat nie noemenswaardig meer Afrikaanse boeke verkoop het nie, maar het dit dan toegeskryf aan die intervarsity op die dorp, die feit dat die sentrum in 'n meer Engelse gemeenskap geleë is of dat die betrokke sentrum in sy geheel baie stil was op die 13e – onthou daar was groot rugby!

Daarenteen laat weet Nylstroom se boekwinkels dat hulle tot 30% hoër verkope gehad het en volgende jaar weer wil deelneem. Bargain Books in die Paarl rapporteer as volg: Ons was baie beïndruk met die manier waarop die dag ge-adverteer was. Elke Afrikaanssprekende kliënt wat by ons ingestap het, was bewus van die veldtog. Ons het Afrikaanse boeke ter waarde van R9000.00 verkoop.

Wena Bartie van Boek Hoekie in die Paarl sê ook dat hulle verkope met 30% verhoog is en skryf verder: Baie dankie vir al julle moeite en

Dan Sleigh teken sy boek op Koop-'n-Afrikaanse-boek-dag op 13 Augustus by Protea Boekwinkel op Stellenbosch.

blootstelling wat julle ons boekwinkels gegee het.

Riki Roos van Leserskring gee die volgende lekker terugvoer: *Aangesien Leserskring die aksie ondersteun het met 'n uitverkoping, het ek ons twee vorige uitverkopings se gemiddelde verkope vergelyk met hierdie een. Dit is 'n stewige 60% hoër.*

En nou moet jy in ag neem dat ons uitverkopings altyd baie goed doen. 'n Eienskap van Leserskring-lede is dat hulle ongelooflik lojaal is, teenoor die Klub (dis so amper 'n familie-kuiery op ons Facebook blad) en ook teenoor Afrikaans.

Engela Henning van PNA se hoofkantoor skryf dat die Gauteng- winkels net 'n normale dag gehad het, maar dat klein plekkies soos Secunda, Lydenburg, Lephalale, Warmbad en natuurlik die Kaapse winkels taamlik goed gedoen het.

Sy sluit af: *Al het nie al die winkels baie ondersteuning gehad nie is dit nog steeds goed vir PNA om betrokke te wees by Koop 'n Afrikaanse boekdag. Die mense is bewus dat daar in Augustus afslag gaan wees op Afrikaanse boeke.*

Van ons kant af ook dankie aan Protea Boekwinkel op Stellenbosch vir die blootstelling en die lekker oggend wat hulle saam met Dan Sleigh gereël het.

Vir my het hierdie projek nog 'n verskuilde waarde ook. Ons het kontak en vriendskappe opgebou met mense en boekwinkels wat ons nie op 'n ander manier sou kon doen nie, en dit rondom die Afrikaanse boek.

Volgende jaar maak ons weer so.

Floumakoue en Pronkpoue

'n Pronkpou vir **Peet van Staden**

Ek weet nie wie van julle kennis geneem het van die aftrede van Peet van Staden as die Uitvoerende regisseur: Afrikaanse TV-nuus nie. Die Vriende van Afrikaans wil graag hierdie uitgawe se pronkpou-toekenning aan hom gee vir die Afrikaanse nuus wat hy oor baie jare aan ons verskaf het. Peet, ons wens jou goeie jare toe vol dinge waarvan jy hou en wat jy nog altyd wou doen maar nog nooit tyd voor gehad het nie. Voorspoed. (–AdeS)

Bybelkennisprojek van die Rapportryers

Die rapportryers wil u graag bewus maak van die nasionale projek om Afrikaanse skoolgaande kinders se Bybelkennis te bepaal. As jou skool nog nie deelgeneem het nie, moet jy asb die rapportryers se president kontak vir die nodige inligting.

Ons is van mening dat ons Afrikaanse jeug se Bybelkennis baie agteruitgegaan het die afgelope jare en sal dus graag aksies wil loods om Bybelkennis te ontwikkel. Ons het egter nog nie bewyse van ons opvatting nie.

Ons wil nasionaal bepaal wat die skoliere se bybelkennisvlak is. Vir die doel het ons 'n kort 20-puntvraestel wat deur alle kinders in graad 7 en graad 11 geskryf moet word. Die vraestel word onvoorbereid geskryf en kan enige tyd gedurende die dag geskryf word.

Dit is nie 'n kompetisie nie aangesien ons bloot 'n aanduiding wil kry van die huidige kennisvlakke van ons Afrikaanse jeug.

Nadat die vraestel geskryf is sal ons die vraestelle kom opneem en merk. Ons sal dan in staat wees om te publiseer wat Suid Afrika se gemiddelde punt vir die vraestel is.

CR van der Wal, President
(www.rapportryers.co.za)

Die aanbieders van die Atlantis-slypskool. V.l.n.r. Amanda de Stadler (VVA), Suzanne Ross (Taalsentrum US), Vernita Beukes (Taalsentrum US) en Alta Coertzen (VVA).

Slypskool in Atlantis September 2011

Die VVA en die Eenheid vir Afrikaans en Engels van die Taalsentrum, Universiteit van Stellenbosch bied sedert 2004 slypskole aan wat kinders speel-speel leer om fyn te lees, skerp te skryf en 'n kort drama op te voer. Hierdie groep aanbieders was al by verskillende skole in onder meer Malmesbury, Piketberg, Stellenbosch en die Paarl betrokke. Om die impak te verhoog, word die slypskole ook jaarliks aan opvoedkunde-studente van CPUT aangebied.

Hierdie jaar het Atlantis aan die beurt gekom. Op 3 September het Suzanne Ross, Vernita Beukes, Amanda de Stadler en Alta Coertzen om 09:00 by Protea Park Primêr ingeklok en saam met 17 leerders en 12 onderwysers aan die werk gespring. Die leerders is gelei om 'n gegewe teks met aandag te lees, die belangrikste fasette van die teks uit te wys en dan met hierdie gegewens die ontbrekende deel aan te vul. Vanuit hierdie kreatiewe insette is 'n kort dramatjie beplan en opgevoer. Die span het interessante rekwisiete aan die kinders voorsien wat die kreatiwiteit verder geprikkel.

'n Deel van die pret was om te sien hoe mnr Kastoor, die skoolhoof van Parkview Primêr, die rol van 'n stout boelie vertolk en Juffou Cloete van Meulenhof Primêr in Philadelphia uitblink in die rol van mev Dominee. Die aanbieders was besonder beïndruk met die spontaneïteit van die deelnemers en hulle vermoë om regie te hanteer.

Elke deelnemer het aan die einde van die dag 'n sertifikaat ontvang. (-AdeS)

Taknuus

Uit Modimolle skryf mnr Leon Rossouw:

Ons het vanjaar ons Koop-'n-Afrikaanse-boek-dag met mening aangepak. Saam met ons Afrikaanse Kultuurdames en die Sosiale Klub van Kokanje en die drie boekwinkels van Nylstroom het ons op 12 Augustus 'n baie spesiale “fees” hier in Kokanje se saal aangebied.

Vrydagmiddag is heerlike Afrikaanse musiek in die voorportaal gespeel terwyl die dames boeke van skrywers uit Kokanje, Nylstroom en die Waterberg-omgewing bymekaargemaak en saam met hulle CV's uitgestal het. Twaalf van die skrywers was die middag self teenwoordig en het vanaf 16:00 saam met die boekwinkels hulle boeke uitgestal en te koop aangebied. 'n Gratis glasie sjerrie is aangebied. Vanaf 17:00 is 'n program van voordrag, boekvoorlesing en sang aangebied. 'n Graad 1-leerling het met gebed geopen terwyl haar ouer sussie 'n praatjie oor die ontstaan van Afrikaans gelewer het.

Die aand is afgesluit met sop en broodjies. Al die boekwinkels het boeke teen afslag aangebied, sommige reeds van die Maandag af.

Die naam van ons funksie was “Ek praat Afrikaans!” Almal was Vriende van Afrikaans, of nee – almal ís Vriende van Afrikaans!

(**Susan Fourie van Griffelhoekie, Nylstroom sê**: Ons kan bevestig dat boekverkope tydens hierdie week ten minste 30% hoër was.

Celeste van Painted Words in Nylstroom laat weet: . Ons het definitief baat gevind by die dag. Die boekverkope was tussen 15% en 20% hoër op daardie dag. Indien julle dit volgende jaar weer doen sal ek definitief weer deelneem. Dankie ook vir die plakkate en advertensie!)

Uit Jeffreysbaai skryf Frikkie Sutherland:

Op Vrydagaand, 19 Augustus 2011 het Vriende van Afrikaans, Jeffreysbaai, Afrikaanse Taalfees gehou. Die feesgeleentheid het die vorm van 'n verskeidenheidskonsert aangeneem.

Al die aanbiedings was werklik van baie hoë standaard en het reg laat geskied aan ons taal. Alle deelnemers het uit die plaaslike gemeenskap gekom en het weereens bewys dat elke plek genoeg plaaslike talent het om reg aan ons taal te laat geskied.

Voor en na die byeenkoms was daar 'n boeke-uitstalling deur Bargain Boeke en Winners. Die uitstalling het goeie aandag geniet en Bargain Boeke was veral tevrede met die reaksie wat hulle gekry het.

Na die tyd het almal nog baie lekker saam gekuier rondom 'n heerlike koppie sop en baie lekker toebroodjies. Daar was ook 'n gelukkige trekking en die gelukkige person kon 'n Afrikaanse boek ter waarde van R100 by Bargain Boeke gaan uitsoek.

Die funksie is deur 100 – 120 mense bygewoon. Ons sou graag 'n beter opkoms wou hê, maar omdat daar die aand groot rugby was, het party mense as gevolg daarvan weggebly. Ons is egter tevrede met wat ons vermag het, want 'n paar nuwe lede het die aand by ons aangesluit. Die geld wat die aand ingesamel is, sal weer net so in die gemeenskap terug geploeg word in die vorm van Afrikaanse boeke vir die plaaslike biblioteek en skole en om kinders wat finansieel swaarkry, te help.

Ons taal het die aand tot sy reg gekom en daarvoor is ons innig dankbaar.

Veertig jaar in diens van Afrikaans

ONDERWEG

Jannie du Toit se nuwe musiekprojek om sy 40 jaar saam met Afrikaanse musiek te vier. Die projek sluit in 'n koffietafelboek, dvd, dubbel-cd en landswye konserttoer.

Die teks vir Onderweg is geskryf deur PG du Plessis met regie deur Rina Nienaber en Hanli Rolfes. Die toer strek van September tot Desember en sluit oa Aardklop, Pretoria, Johannesburg, Windhoek se Lentefees, Kaapstad, Stellenbosch, Durban, Bloemfontein, Port Elizabeth en Hartenbos in.

Volledige info beskikbaar op Facebook asook by info@pierneefteater.co.za

Vra Vriendelik vir Afrikaans

XHOSAFRIKA-KONFERENSIE

Op 26 en 27 Augustus 2011 is die eerste Xhosa-konferensie waarop die status van Xhosa bespreek is in Kunstekaap aangebied. Hierdie konferensie is die inisiatief van die XhosAfrika-netwerk, 'n burgerlike netwerkorganisasie wat bestaan uit mense wat veeltaligheid voorstaan en werk vir die uitbreiding en ontwikkeling van Xhosa en Afrikaans. (Die naam is 'n samevoeging van Xhosa en Afrikaans.) 'n Soortgelyke konferensie is verlede jaar vir Afrikaans hier gehou.

Die konferensie is bygewoon deur ongeveer 250 mense. Die vloertaal was Xhosa en daar was tolkdienste beskikbaar. Daar is gekonsentreer op Xhosa as 'n taal van die wetenskap, die industrie, die onderwys en die tegnologie. Interessante sprekers het hulle saak gestel gevolg deur lewendige bespreking. Die bekende akademikus, skrywer en kampvegter vir meertaligheid, dr Neville Alexander, het gesê die land behoort bekommerd te wees oor die dominansie van Engels oor ander tale. Tydens die slotsessie is 'n aantal resolusies opgestel wat baie lyk soos die resolusies van die talle Afrikaanse taalberade van die afgelope aantal jare. Ek noem 'n paar:

- Inheemse tale is in gevaar want hulle kry nie genoeg ondersteuning van die regering nie.
- Xhosa moet uitgebou word op primêreskoolvlak.
- Xhosas kry nie Xhosa-koerante in woonbuurte nie en dus nie inligting nie.
- Daar moet meer Xhosa-woordeboeke wees.
- Gr. 12's moet hulle eksamenvraestelle in al drie tale van die provinsie kry.
- Verklarings by polisiestasies moet in jou moedertaal afgeneem word.
- Skrywers moet aangemoedig word om in Xhosa te skryf. Daar is 'n groot behoefte aan boeke in Xhosa.
- Waarom is die LTP (Language Transformation Plan) waarvolgens kinders in Xhosa onderrig is in die Wes-Kaap, geskrap?
- n Opvolgkonferensie is noodsaaklik.
- Waarom is die staatsdiens se advertensies net in Engels?
- Gee voorligting aan ouers oor die belang van moedertaalonderrig.

Indrukwekkend was die gees van respek wat jeens Afrikaans geheers het. Daar is telkens verwys na wat met Afrikaans gebeur het vanuit 'n posisie van onderdrukking en dat dit 'n voorbeeld is wat nagevolg behoort te word. (-AdeS)

Belangeverstrengeling

Ek kom af op hierdie mooi Nederlandse woord wat in vandag se dae handig te pas kom in Suid-Afrika. Dit vat die begrippe nepotisme, tenderpreneurskap, korrupsie, begunstiging van famlilie en vriende mooi saam. Begin dit gebruik as jy van die woord hou.(-AdeS)

Medewerkers wat die XhosAfrika-konferensie bygewoon het.

VOORTREKKERMONUMENT EN DIE ERFENISSTIGTING BETREE NUWE BESTUURSBEDELING

'n Nuwe bestuursbedeling word met ingang van 1 Augustus 2011 vir die Voortrekkermonument en Natuurreservaat en die Erfenisstigting, beide organisasies sonder winsmotief, ingestel.

Die Erfenisstigting is sedert dit in 2002 gestig is, deur die Voortrekkermonument bestuur, maar vanaf 1 Augustus 2011 sal dit onder 'n eie bestuur staan, alhoewel dit steeds vanaf die VTM Erfenisterrein sal opereer.

Besturende Direkteur van die Erfenisstigting

Genl-maj Gert Opperman, wat sedert Maart 2000 aan die hoof van die Voortrekkermonument gestaan het, en sedert 2002 ook die Erfenisstigting bestuur het, sal met ingang van 1 Augustus 2011 vir 'n verdere vier jaar as die besturende direkteur van die Erfenisstigting aangestel word. Hy sal derhalwe met ingang van vermelde datum afstand doen van die pos van hoof uitvoerende beampte van die Voortrekkermonument en Natuurreservaat. In belang van kontinuïteit sal hy in die plek daarvan as direkteur van die Voortrekkermonument en Natuurreservaat aangestel word.

Die Erfenisstigting is gestig om te help omsien na bedreigde erfenisgoedere, veral díe wat van belang is vir die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking. Op grond van die suksesse wat reeds landswyd deur die Erfenisstigting behaal is, het die aanvraag vir sy dienste en die gevolglike druk op die organisasie dermate toegeneem dat dit nou meer gefokusde aandag vereis.

Die Erfenisstigting sal landswyd en internasionaal konsentreer op afgeleë standplase en bedreigde erfenisterreine en -goedere, waarby ingesluit is alle konsentrasiekampbegraafplase, asook burger- en krygsgevangenegrafte en sekere slagvelde. Die Erfenisstigting het ook reeds 'n groot rol gespeel ten opsigte van die redding van die Nasionale Afrikaanse Letterkunde Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein en is gereed om dit voort te sit, sodra 'n verdere ooreenkoms daaroor met die Vrystaatse owerhede gesluit kan word. Die Erfenisstigting het ook reeds aangedui dat hy bereid is om die erg-verwaarloosde Voortrekkermuseum en -monument te Winburg oor te neem, sodra die Vrystaatse owerhede sover kom om daarvan afstand te doen.

Besturende Direkteur van die VTM en die VTM Projekte (Edms)

Mev Sonja Lombard is pas aangestel as besturende direkteur van die Voortrekkermonument en die VTM Projekte (Edms) Bpk en as lid van die direksie van vermelde organisasies. Sy dien nie op die direksie van die Erfenisstigting nie.

Mev Lombard was die afgelope agtien maande die hoof operasionele beampte van díe VTM, gedurende welke tyd sy reeds grootliks die gewone bedryfsfunksies daarvan oorgeneem het.

In wese sal die VTM konsentreer op die bestuur van drie belangrike erfenisterreine te wete die Voortrekkermonument, Bloedrivier en Kerkenberg. Die Erfenisstigting met sy hoofkantoor in die Erfenissentrum, op die terrein van die VTM Erfenisterrein, sal daarenteen 'n breë, oorkoepelende sambreelfunksie vervul en omsien na verskeie erfenisterreine landwyd en internasionaal.

Die Direksies van beide die VTM en Natuurreservaat en die Erfenisstigting is oortuig dat hierdie nuwe bedeling in die beste belang is van die beskerming en bevordering van Afrikaanse erfenisgoedere.

Met die kundigheid en ervaring tot ons beskikking is die Erfenisstigting ook bereid en gewillig om ander kultuurgemeenskappe te help om hulle eie kultuurgoedere te beskerm en te ontwikkel.

(Inligting verkry van Len Dekker, vorige voorsitter van die direksies van die Voortrekkermonument en die Erfenisstigting)

Nuwe besturende direkteur van die Voortrekkermonument, Sonja Lombard.

WerkNet bied virtuele loopbaanskou aan

(Helpende Hand Nuusbrief, September 1 Nuusbrief 103)

Werkloosheid is 'n omvattende probleem wat 'n breë benadering vereis. Daar is 'n groot behoefte aan alternatiewe opleidings-geleenthede vir skoolverlaters en jong volwassenes. Ons wil daarom ons dienste op www.loopbaan.co.za uitbrei. As deel van hierdie uitbreiding het ons 'n platform vir 'n virtuele loopbaanskou geskep. Besighede of individue kan deur middel van hierdie platform hul opleidingsdienste en kursusse adverteer of kennisgewings van geleenthede vir indiensopleiding plaas. Ons betrek dus die gemeenskap om aan hulpbehoewende jongmense geleenthede te bied.

Doen hier aansoek om GRATIS op die virtuele loopbaanskou te verskyn.

Stuur alle navrae na Karin Venter by karin@helpendehand.co.za.

Bringers van die lig

– 'n intieme kykie in die lewens van Jan en Maria van Riebeeck

Isabelle Steenkamp, 'n oudjoernalis en tans woonagtig in Somerset-Wes, het 'n dramatiese vertelling geskryf oor die lewens van Jan en Maria van Riebeeck. Haar wens is dat ons Van Riebeeckdag kan laat herleef en daarom stel sy hierdie vertelling en 'n CD beskikbaar aan instansies soos ouetehuise en skole wat dit moontlik sal kan opvoer.

Die vertelling bevat minder bekende feite oor Jan en Maria wat mens met ander oë na hierdie bekende egpaar laat kyk. Jy kan hierdie manuskrip (R12) en/of CD (R30) plus posgeld by die VVA bekom. Indien jy met die skrywer in aanraking wil kom, skakel Isabelle Steenkamp by 021 852 2885. (-AdeS)

Vriende van Afrikaans ... Lewenslank en Daarna

Oor baie jare het die Vriende van Afrikaans bewys gelewer dat hulle die Afrikaanse taal op elke moontlike wyse bewaar en bevorder. Deur net elke dag Afrikaans te práát, is jy onbewustelik ook 'n goeie vriend van Afrikaans! Hierdie vriendskap kan na ons sterwe voortgesit word deur 'n bemaking in die jou testament aan die Vriende van Afrikaans. Doen dit sonder versuim. Elke bemaking, hoe beskeie ookal, help om Afrikaans te bevorder.

Navrae in die verband kan gedoen word by ons kantoor.

(Belastingregistrasienommer: 042-640-NPO)

Projekte van die Vriende van Afrikaans sedert 2005:

Ons gee vir julle 'n uiteensetting van die projekte wat Vriende van Afrikaans die afgelope aantal jare aangepak het en wat dit in rande en sente opgelewer het al is dit weliswaar nie die rede waarom dit in die eerste plek aangepak is nie.

CD Ou Vriende:

Datum: 2005
Totaal CD's verkoop: 840
Wins: R51,700.00

CD Vertaling van die Vespers van Rachmaninof in Afrikaans

Datum: 2010
Totaal CD's verkoop uit kantoor: 135
Wins: R2,250.00
Herdruk word oorweeg

Huldigingsbundel van Pieter van der Westhuizen

Datum: Bekendgestel by huldigingskonsert in 2009
Totaal bundels verkoop: 143
Wins: R2,300.00

Dae uit ons Geskiedenis

Datum: Sept 2009
Totaal boeke verkoop uit kantoor: 100
Tantieme: R6,365.00
Wins uit boekverkope uit kantoor: R9, 400.00

Basic Afrikaans

Datum: Maart 2011
Tantième: R2,000

Boektrommelprojek:

Datum: 2007
Skenkings ontvang: R123, 442.16
Skole wat boekskenkings en of boektrommels ontvang het: 50

Skooltassieprojek:

Datum: 2010
Skenkings ontvang: R22,500.00
Boeke geskenk aan Helpende Hand se skooltassieprojek: 4500

Briewe van lesers

Taaltoffies

Beste Amanda

Ek verwys na die afdeling “Taaltoffies” in die “Doendinge”-nuusbrief van Julie 2011: Die oplossing vir die uitdrukking “stunning” word korrek op die agterblad gegee, maar ek het net gewonder of al ons lesers kennis dra van die pragtige Afrikaanse alternatief vir dié woord wat so kwistig deur ons jongmense gebruik word. Enkele jare gelede (1997) het die destydse rektor van UOVS (Prof Retief) tydens sy verwelkoming aan die afgevaardigdes van 'n FAK-kongres in Bloemfontein verwys na 'n groepie jong seuns wat 'n sekere meisie bespreek het en een van hulle sou toe die opmerking gemaak het:”Sy's 'n '**stunning**' girl'” waarop nog een (sy eie seun) hom toe reg gehelp het : “Nee, sy's **koorsmooi**”.

Ons jongmense kan gerus kennis neem van hierdie pragtige, beskrywende woord.

Groete

Alwyn Visser

AA Mobility tydskrif

Dag, Amanda,

Ek is 'n lid van die AA, maar ek maak nie vanaand propaganda vir hulle dienste nie – wel vir die vertroue wat hulle duidelik in Afrikaans as saketaal het.

Die AA se maandelikse tydskrif, *AA Mobility,* is dwarsdeur vol van die mooiste, keurigste Afrikaans. Daar is Engelse sowel as Afrikaanse advertensies, maar die artikels is in Afrikaans en die kwaliteit van die artikels val ook op.

Ek weet nie of daar gelyktydig 'n Engelse tydskrif uitgegee word nie, maar ek is trots op die Afrikaanse uitgawe.

Kry gerus die tydskrif onder oog en julle sal sekerlik met my saamstem: die AA verdien aanprysing.

Groete

Irene Cornelissen

Saagsels en Skaafsels

Beste Nolte

Dankie vir jou vriendelike skrywe. Ek was 23 jaar onderwyser en het Afrikaans Eerste en Tweede Taal aangebied. Ek het die onderwys verlaat en toe ek besluit om 'n meubelsaak, Saagsels en Skaafsels, onder 'n Afrikaanse naam te begin, was my stoere sake-vriende dit eens dat geen besigheid met 'n Afrikaanse naam in ons nuwe land sal oorleef nie. Ek wou nie my rug op my taal keer nie, en sewe jaar later is ons darem nog daar.

In die Zevenwacht Mall is my winkel die enigste uit 250 winkels met 'n Afrikaanse naam. Ek het baie gewaardeerde Engelse ondersteuners en as hulle vra wat die naam beteken, dan se ek dit staan vir “pick and pay”, maklik om te onthou.

Groete vir ons Vriende!

Reinhold Swart, Saagsels en Skaafsels (083 270 4263)

Soek jy jou voorouers?

Word 'n genealoog – maak 'n draai by GISA, Stellenbosch of kyk op www.gisa.org.za
Beskikbaar:

- SA Geslagsregisters Vol. 1 – 17, boeke en CD's
- Op mikrofilms:
  - Doopregisters
  - Huweliksregisters
  - Sterfkennisse 1834 – 1920
- Bib vol geslagsregisters reeds goed nagevors
- CD's met afsonderlike vanne

Adres: Banghoekweg 115, Stellenbosch
Tel: 021 8875070

Taaltoffies

SPELLING

Kies die regte spelling vir:

Finansieel of finansieël

Finansiële of finansieële

WAT IS?

Wat is hoemoes?

Wat is die verskil tussen ‘n naloper en ‘n naelloper

Goed bedoel maar verkeerd uitgedraai

- ☺ Die interkerklike vredesberaad is gekanselleer weens sinodale konflik.
- ☺ Dames, moenie die krap-en-koop aand vergeet nie. Dis ook jou kans om van al die onnodige goed in jou huis ontslae te raak. Onthou om jou man saam te bring.
- ☺ Moenie dat bekommernis jou doodmaak nie. Laat die kerk help.
- ☺ Die koste vir bywoning van die gebed- en vas-konferensie sluit die koste van die etes in.
- ☺ Me Charlene Mason van die Metodiste-gemeente het vir ons "I will not pass this way again" gesing, wat ons almal groot vreugde verskaf het.
- ☺ Volgende Donderdag is daar oudisies vir die kerkkoor. Kom gerus as jy niks aan het nie.
- ☺ Barbara is nog in die hospitaal vir bloedoortappings. Sy sukkel om te slaap, en het kassette van ds. Giel se preke gevra.
- ☺ Die dominee gaan sy afskeidspreek lewer, waarna die koor gaan sing "O blye dag".
- ☺ Klaas Buitendag en Debbie Prinsloo is op 3 Oktober getroud. En so eindig 'n mooi vriendskap wat in hul skooljare begin het.
- ☺ 'n Boontjiesop-aand gaan in die kerk se lapa gehou word. Bring 'n baadjie saam ingeval dit winderig en onplesierig raak.
- ☺ Die onderwerp van Maandagaand se gemeentebiduur is: "Die hemel, hoe kan jy daar kom?" Vervoer vertrek om 19:00 van die bushalte oorkant die ouetehuis.

Ons geskiedenis in klank en beeld - Suidland Media benut moderne tegnologie om geskiedenis te bewaar

Suidland Media het video-opnames van films oor volkshelde, volksleiers en belangrike gebeurtenisse in ons geskiedenis bekom. Daarvan het hulle 44 DVD's gemaak en dit word nou aan ouers, kinders en onderwysers beskikbaar gestel. Die projek is veral gerig op die oordrag van historiese kennis aan ons kinders. 'n Kind sal waarskynlik baie eerder na 'n DVD kyk as om 'n geskiedenisboek te lees!

Titels soos die volgende is beskikbaar: Paul Kruger, Danie Theron, Die leeu van Wes-Transvaal, Teregstelling van boereverraaiers, Emily Hobhouse, die Dood van genl Koos de la Rey, Majuba – Heuwel van die Duiwe en vele meer. Besonderhede is op die volgende webblad beskikbaar: www.suidland.com. Navrae kan ook gerig word aan suidland@lantic.net of skakel 082 – 493 3785 / 022 – 913 2391 (-AdeS)

TAALTOFFIE - OPLOSSING

Kies die regte spelling vir:

Finansieel

Finansiële

Wat is?

Wat is hoemoes?

'n Smeer gemaak van kekerertjies.

Wat is die verskil tussen 'n naloper en 'n naelloper?

Iemand wat aan naellope deelneem is 'n naelloper. Iemand wat iemand na-aap of iemand soos 'n skadu volg, is 'n naloper.

Laat weet ons asseblief van enige adres-veranderinge, en ook as jy die nuusbrief liewer per e-pos wil ontvang. As jy sou wou, kan jy Doendinge gerus dupliseer en verder versprei.

KOOPDINGE in AFRIKAANS

Die volgende items is by die kantoor te koop:

1 **CD: Ou Vriende** (Dubbelalbum) van Afrikaanse kunstenaars en kore teen R100.00

2 **Boek: Dae uit ons Geskiedenis** teen R230.00

3 **Voetslaankaart van Tafelberg** teen R20.00

4 **Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160.00

5 **DVD: Die Leeu van Wes-Transvaal** - Generaal Koos de la Rey ('n dokumentêr) teen R100.00

6 **CD: Vespers van Rachmaninof in Afrikaans** teen R120.00

7 **Basic Afrikaans** - *the top 1 000 words and phrases* teen R99.95.

(R20.00 per bestelling moet ongelukkig gehef word vir posgeld en verpakking.)